# 1. INLEIDING

## 1.1 Oriëntering

Met hierdie navorsing word bepaalde vraagstukke rondom die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO) ondersoek. Die TO beklee 'n besondere plek in dié verhandeling, want dit wat aanleiding tot sy ontstaan gegee het, sy stigting en geskiedenis en die invloede wat daar van hom uitgegaan het asook die kenmerkende bydraes wat hy gelewer het en tans nog lewer, is ter sprake.

In Hoofstuk 1 sal eerstens 'n omskrywing van die probleem rondom die TO gegee word. Die motivering vir en aktualiteit van die na= vorsing sal vervolgens aangetoon word, waarna die hoofnavorsings= hipotese en die twee ondergeskikte aannames op grond van die pro= bleem geformuleer sal word. Die metode van ondersoek sal beskrywe word, en die ondersoekterrein sal verder afgebaken word. Ten slotte word die struktuur van die verhandeling uiteengesit.

## 1.2 Probleemstelling

Hoewel ouers die primêre opvoeders van hulle kinders is en bly (Schoeman, 1979 : 111), het opgeleide onderwysers en dosente mettertyd vanweë die toename van kennis (opvoedende) onderwys as beroepstaak oorgeneem. Die skool het as kultuurproduk ontstaan, omdat die ouers nie meer oor die gespesialiseerde kennis beskik het om hulle kinders volledig toe te rus en op te lei vir die eise wat beroepsdifferensiasie stel nie, en ook nie meer oor die tyd beskik het om dit volledig te doen nie.

Onderwysers en dosente vorm die beroepspersoneel van skole vir gedifferensieerde onderwysbehoeftes en tersiêre onderwysinrigtings onderskeidelik, en as sodanig het hulle bepaalde gemeenskaplike belange en behoeftes. Om in hierdie beroepsbelange te voorsien, snoer die meeste van hulle saam in professionele diensorganisa= sies. Die Transvaalse Onderwysersvereniging is een sodanige diensorganisasie. In hierdie verhandeling gaan dit oor bepaalde vrae en antwoorde daarop met betrekking tot die Transvaalse On= derwysersvereniging en sy verhoudinge met verskeie ander aspekte van die werklikheid.

Daar ontstaan vraagtekens oor die religieuse grondmotief wat as dryfkrag vir die TO dien, of dié Vereniging sedert sy ontstaan aan sy doel beantwoord in sy organisasiestruktuur en funksione= ring, en of hy 'n bydrae gelewer het en tans nog lewer in die samelewing waarvan hy 'n deel is.

## 1.3 Motivering vir die navorsing

Skrywer van die verhandeling het vanaf 1959 tot en met 1981 as praktiserende onderwyser by vier verskillende sekondêre skole in Transvaal opvoedende onderwys gegee. Die betrekkinge wat be= klee is, het gewissel vanaf aanvanklik 'n onderwyser tot later adjunk-hoof. Dit was ook skrywer se voorreg om steeds TO-lid te kon wees. Die TO het reeds op skrywer as jong onderwyser 'n be= sondere invloed uitgeoefen en in sy latere dienslewering as voorsitter van 'n TO-tak en as hoofbestuurslid het hierdie posi= tiewe invloed steeds sterker geword. Mettertyd is egter 'n leemte aangevoel, naamlik dat daar nie omvattende, diepgaande navorsing oor die motief, struktuur en funksionering van die TO verrig is nie.

## 1.4 Aktualiteit van hierdie wetenskaplike ondersoek

Eksteen (1980 : 4-11) het daarop gewys dat die TO 'n bydrae gelewer het ten opsigte van die skepping van 'n volkseie identiteit vir die Afrikaner. In hierdie opsig is die aktualiteit van hier= die navorsing — met die oog op die bydrae wat die TO in die kul= tuurhistoriese ontwikkeling van die Christen-Afrikanervolk gelewer het — aangevoel. Die bewyse van die TO se bydraes in hierdie verband kan dien as inspirasie vir verdere soortgelyke bydraes.

Die Republiek van Suid-Afrika is op die vooraand van ingrypende konstitusionele veranderinge. Diepgaande besinning oor onderwy= sers-in-organisasie is tans noodsaaklik, veral met die oog op die toekomstige rol van onderwysersverenigings in onderwysbeleidbe= paling (vgl. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981 : 200).

## 1.5 Hipoteseformulering

### 1.5.1 Hoofhipotese

Gegrond op die probleemstelling in Paragraaf 1.2, is die volgende hoofnavorsingshipotese geformuleer:

Die Transvaalse Onderwysersvereniging as selfstandige onderwy= sersvereniging lewer 'n bydrae tot die Kultuurhistoriese ontwik= keling van die Christen-Afrikanervolk en word gedra deur die re= ligieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing in sy wese, organisasiestruktuur en funksionering.

Uit die hoofhipotese kan die volgende veronderstellings of sub= hipoteses afgelei word. Die aanvaarding van elke subhipotese na

verifiëring sal lei tot die aanvaarding van die hoofhipotese (en andersom).

### 1.5.2 Subhipoteses

Subhipotese 1

Die TO is in sy grondslag, organisasiestruktuur en funk= sionering en in alle ander aktiwiteite en aspekte daarvan gefun= deer in die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en ver= lossing.

Subhipotese 2

Die TO lewer 'n kenmerkende bydrae op alle terreine waarop hy funksioneer (soos beroepsverbetering, werksomstandighede, die dra van die CNO-beginsel, dienslewering, en so meer).

## 1.6 Metode van navorsing

Vir die verloop van die wetenskaplike ondersoek en die toet= sing van die bovermelde hipoteses sal van die volgende navorsings= metodes gebruik gemaak word. Nie een van die metodes word ver= absoluteer nie maar word geïntegreerd met mekaar as werkwyse aan= gewend.

### 1.6.1 Die prinsipieel-besinnende metode

Waar die verifiëring van Subhipotese 1 met fundamenteel-opvoedkundige sake te make het, sal van die prinsipieel-besinnende metode (Van der Walt, 1982(a) : 37-38) gebruik gemaak word. Die be= sinning oor die probleem sal vanuit Christelik-reformatoriese

oortuiginge plaasvind, waarna tot ('n) eie gevolgtrekking(s) ge=kom sal word. Sodanige getoetste gevolgtrekking "dien as 'n geldige uitspraak van die Fundamentele Opvoedkunde wat in die lig van die Skrif beoefen is" (Van der Walt, 1982(a) : 38).

### 1.6.2 Die historiese metode

In die bepaling, omlyning en beskrywing van die probleem sal die navorsing onder andere volgens die historiese metode (vgl. Barnard, 1978 : 32-40) verloop. Histories-opvoedkundige gegewens sal hoofsaaklik uit primêre bronne, wat bydra tot die outentisiteit van die verhandeling, verkry word. Die beoogde interpretasie, rekonstruksie, beskrywing en verklaring van die versamelde gegewens sal as resultaat hê die wetenskaplike ver=antwoordbaarheid van die bevindinge met betrekking tot die hoof=probleem.

### 1.6.3 Die metode van literatuurstudie (Bibliografiese metode)

Met die voorlopige leeswerk het dit duidelik geword dat dit algaande nodig was om die meeste stof uit die amptelike lyf=blaaie van die TO, naamlik *Die Christelike Skoolblad*, *Onderwys=blad* en *Mondstuk* te verkry. Verskeie boeke van opvoedkundige aard, verhandelings en proefskrifte is geraadpleeg. Notules, omsendskrywes, briewe en ander amptelike dokumente van die TO is in die Vereniging se argief deurgewerk. Die geweldig omvattende terrein waarop die TO beweeg, het tot gevolg dat daar 'n groot hoeveelheid geskrewe materiaal beskikbaar is, gevolglik moes daar streng selektief te werk gegaan word om die inligting wat op die probleem betrekking het, op te spoor.

### 1.6.4 Die vergelykende metode

Die bekendstelling van enkele oorsese lande se onderwysers=verenigings wat in Paragraaf 2.6 gegee word, verskaf eksemplare waarmee die TO as outonome onderwysersvereniging vergelyk kan word. Die TO is 'n samelewingstruktuur binne die onderwysstelsel in die RSA, en deur middel van die vergelykende opvoedkundige metode sal sekere verhoudinge en invloede tussen hierdie vereni=ging en die gemeenskap verklaar word. Gegewens van buite die nasionale grense van die RSA was hiervoor nodig (vgl. Barnard, 1981 : 16).

### 1.6.5 Die transendentaal-kritiese metode

By die vasstelling van die religieuse grondmotief wat die TO in sy grondslag, organisasiestruktuur en funksionering dra en voortstu, sal die transendentaal-kritiese metode (Van der Walt, 1982(a) : 41; Schoeman, 1978(b) : 793) die grondliggende wyse van navorsing wees. Om tot uiteindelike antwoorde ten opsigte van die religieuse grondmotief wat die TO dra, te kom, sal van die vol=gende stappe gebruik gemaak word: eerstens sal al die religieuse grondmotiewe wat sedert die ontstaan van die Blanke bevolking in Suid-Afrika werksaam was, geïdentifiseer word, waarna in die tweede plek vasgestel sal word watter van hierdie grondmotiewe (of grondmotief) as dryfkrag vir die TO gedien het. Die transen=dentaal-kritiese metode sal as instrument dien om uiteindelik aan te toon of die TO in sy ontstaan, wese en bestemming anastaties of apostaties gerig is.

## 1.7 Afbakening van die ondersoekterrein

### 1.7.1 Vooraf

ŉ Bepaalde aspek van die werklikheid, naamlik die TO en die vrae rondom die vereniging word onder die soeklig van hierdie studie geplaas. Dié probleem word nagevors vanuit ŉ voorafinge= nome Christelik-reformatoriese standpunt (vgl. Par. 1.6.1). Die studie-objek is deel van die God van die Heilige Skrif se groot skeppingsplan, daarom word dit nie in isolasie bestudeer nie, maar verskeie ander aspekte van die werklikheid waarop die TO invloede uitoefen (en andersom), sal ook by hierdie ondersoek be= trek word.

### 1.7.2 Wetenskapsteoreties

Die kernplek van hierdie navorsing lê op die Vergelykende Opvoedkunde-vlak, want soos in Paragraaf 1.6.4 vermeld is, is die navorsing hoofsaaklik gemik op ŉ onderwysverskynsel (i.c. die TO en sy motief, struktuur en funksionering) en sy verhoudinge met die gemeenskap waarvan hy deel is en die verklaring van die ver= skynsel en sy verhoudinge. Om tot ŉ wetenskaplik-geverifieerde gevolgtrekking te kom, is dit nodig gevind om perspektiewe uit ander deelwetenskappe van die Opvoedkunde te trek, te wete:

* Die Temporele Opvoedkunde

  Die TO as fokuspunt van die navorsingsprobleem het ŉ bepaalde geskiedenis, daarom sal die navorsing oor die ontstaan en ontwikkeling van dié vereniging deel van

hierdie verhandeling wees. Die historiese aspek van dié ondersoek lê daarom op die terrein van die Temporele Opvoedkunde.

* <u>Die Fundamentele Opvoedkunde</u>

Die TO is 'n vereniging vir opvoedende onderwysers en dosente van Transvaal. Die grondslae en doelstellings van dié vereniging berus op die religieuse grondmotief wat sy lede voortstu in al hulle handelinge. Die besinning oor die religieuse grondmotief, grondslae en doelstellings (vgl. Hoofstuk 4) van die TO lê op die terrein van die Fundamentele Opvoedkunde, gevolglik is die grondslaestudies van die Fundamentele Opvoedkunde 'n verdere belangrike faset van hierdie verhandeling se navorsingsterrein.

### 1.7.3 <u>Begripsomskrywing</u>

Die begrippe *onderwysersvereniging*, *onderwysstelsel*, *Christelik-religieuse grondmotief*, *organisasiestruktuur* en *funksionering* wat telkens in hierdie verhandeling voorkom, dui ook op die navorsingsterrein van dié wetenskaplike ondersoek omdat dit kernbegrippe is. Dit word gebruik met die volgende betekenisinhoude:

* <u>Onderwysersvereniging</u>

Die betekenis van die term spreek vir homself: dit is 'n vereniging vir onderwysers. Die *Onderwysersvereniging* (i.c. onderwysers in georganiseerde verband) is primêr

ingestel op diens aan sy lede, maar verrig ook sekon= dêre funksies (vgl. Hoofstuk 6).

* <u>Onderwysstelsel</u>

Die onderwysersvereniging is deel van die *onderwysstel= sel*. Die begrip onderwysstelsel word deur Barnard (1981 : 38-39) soos volg omskryf:

> "Met die begrip *onderwysstelsel* word bedoel die organisatoriese raamwerk, naamlik beplanning (in= sluitende navorsing, beraadslaging en beleidsformu= lering); onderwyswetgewing (parlementêre onderwys= wette, provinsiale onderwysordonnansies, regulasies ingevolge die wette en ordonnansies, ens.); die uitvoering van die onderwyswetgewing (deur middel van administratiewe liggame en persone soos onder andere onderwysdepartemente, skoolrade, beheerrade, skoolkomitees, inspekteurs van onderwys, ens.); hulpdienste; en die skoolstelsel waarbinne die onderwyser en kind mekaar ontmoet sodat die formele skoolopvoeding en -onderwys kan plaasvind".

Skrywer vereenselwig hom met hierdie omskrywing en waar daar verderaan in hierdie verhandeling na onderwysstel= sel of opvoedingstelsel verwys word, word bogenoemde betekenisinhoud daaraan verbind.

* <u>Religieuse grondmotief</u>

Die *religieuse grondmotief* van 'n mens (en van die same= lewingsverband waarin hy hom bevind) is die primêre dryfveer van sy ganse lewe en van sy handelinge. Dit

is die stukrag wat sy lewe sinvol maak, wat hom doelgerig, verantwoordelik en roepingsbewus, in antwoord op sy reli= gieuse hartsgegrepenheid, God en sy naaste laat dien en Godgehoorsaam oor die skepping laat heers (vgl. Par. 4.2.1.1).

* Organisasiestruktuur

  Met *organisasiestruktuur* word bedoel die wyse waarop die betrokke vereniging saamgestel is en hoe sy verskillende ondergeskikte strukture tot 'n eenheid saamgebind is met die oog op doeltreffende organisasie.

* Funksionering

  Met *funksionering* word bedoel die waarneembare werkaksies en funksies van die TO tot voordeel en in diens van sy lede, en ook indirekte en direkte dienslewering aan die gemeen= skap waarvan hy deel is.

1.8 Die struktuur van die verhandeling

In Hoofstuk 1 word die probleem, die aktualiteit van die na= vorsing en die metodes van die wetenskaplike ondersoek uiteenge= sit, terwyl die wetenskapsteorie en begripsbepalinge ook gegee word.

Die TO is deel van die onderwyssubstelsel vir Blankes in die RSA en om die verbande, verhoudinge en gesitueerdheid van dié vereni= ging met en in sy milieu geplaas te kry, word in Hoofstuk 2 die onderwyser-in-organisasie binne die onderwyssubstelsel vir Blankes in die RSA asook in enkele oorsese lande aangetoon.

Die TO het 'n eie geskiedenis, wat in Hoofstuk 3 beskrywe word.

Die religieuse grondmotief en lewensbeskoulike grondslae van die TO word in Hoofstuk 4 aangetoon. Die stukrag van die reli= gieuse grondmotief van die TO kan nie in een hoofstuk geïsoleer word nie, gevolglik is die rigtinggewende invloed daarvan impli= siet in elke hoofstuk vermeld.

Die samestelling en organisasiestruktuur van die TO kom in Hoof= stuk 5 aan die orde.

Hoofstuk 6 handel oor die funksionering van die TO.

Die verhandeling word afgesluit met 'n samevatting en gevolgtrek= king in Hoofstuk 7.

## 1.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aanvaar dat die TO deel is van die onderwyssubstelsel vir Blankes in die RSA en dat die TO as 'n as= pek van die werklikheid 'n eie geskiedenis, motief, organisasie= struktuur en funksioneringswyse moet hê. Die probleem wat verband hou met bogenoemde veronderstelde fasette van die TO, is geformu= leer en die metodes van toetsing van die aannames is uiteengesit. Die wetenskapsteoretiese benadering asook enkele begripsbepalinge is gegee en die struktuur van die verhandeling, soos dit in hoof= stukke saamgestel is, is aangetoon.

Vervolgens word in Hoofstuk 2 gewys op die plek van die TO in die RSA.